# Bybel Familie Funaand: Die Liefde

1. **Aktiwiteit 1: Soek God se liefde:** Knip die hartjies hieronder uit en steek hulle in die huis weg, laat die gesin dit gaan soek en bou dan saam die versie. Jy kan Joh 3;16 daarvoor gebruik, of die korter weergawe "Jesus het jou lief".

**Gesels:** saam as gesin oor wat dit vir julle beteken dat God elkeen van julle so liefhet dat Hy sy enigste Seun gegee het om vir elkeen se sondes te sterf.

2. **Aktiwiteit 2: Woorde van liefde:** Familielede moet hier 'n scrabble speletjie se teëls gebruik om 'n aaneenlopende blokkiesraaisel te maak vol van woorde wat julle aan God se liefde laat dink.

**Gesels**: Soos julle die speletjie speel deel getuienisse oor hoe julle God se liefde prakties in julle lewens sien en ervaar. Pa en Ma kan hierdie in 'n praktiese leerervaring vir die kinders omskep.

3. **Aktiwiteit 3: Viering (celebration):** Almal teken 'n prentjie van hoe julle God se liefde sien.

**Gesels**: Nadat die prentjies klaar geteken het deel elkeen wat hulle geteken het, en hoekom hulle dit geteken het.

4. **Aktiwiteit 4: Oproep na God:** Elkeen gaan na 'n private plekkie in die huis waar julle kan sit en maak asof julle 'n oproep van God gekry het. Julle kry nou kans om 'n rukkie met God te gesels soos wat jy met iemand oor die telefoon sal gesels.

5. **Aktiwiteit 5: Valentyn aan God:** Familielede maak 'n kaartjies vir God soos wat julle sal maak vir 'n Valentyn. Daarin vertel julle vir God hoe lief julle Hom het.

6. **Aktiwiteit 6: Liefdesbaan:** Stel iets soos 'n hindernisbaan in een van die vertrekke op. Jy kan stoele pak waarom die familielede moet loop, maskeerband op die vloer plak waarop julle moet balanseer, ens. Raak kreatief. Soos julle deur die baan beweeg moet julle dink aan hoe lief God julle het en ook hoe geliefd julle is deur familie en vriende te hê wat vir julle lief is.

**Gesels**: Na die tyd kan julle as gesin gesels oor hoe julle liefde aan ander kan bewys deur bv. meer geduld te hê, nie gou kwaad te word nie en vriendelik te wees ens.

7. **Aktiwiteit 7**: **Vlieg met Liefde**: Elke lid van die gesin dink aan praktiese maniere waarop julle God se liefde met ander kan deel, en skryf dit op 'n stuk papier. Maak dan 'n papier


vliegtuig daarvan, en soos elke lid van die gesin 'n beurt kry om jou vliegtuig te laat vlieg, deel jy met die res van die gesin hoe jy God se liefde met ander gaan deel.

**8**. Indien jy nog aktiwiteite soek volg gerus die skakel hieronder vir nog idees wat as deel van die Bybel Familie Funaand kan gebruik: https://algoagemeenskapskerk.com/category/liefde/

**Jy sal die volgende daar vind:**

- Twee verskillende aasjagte
- Bybel Woord Puzzle oor God se liefde
- Minute-to-win-it speletjies oor die liefde
- 'n Sondagskool les oor die liefde
- 'n Gesins gebedsaand oor die liefde
- 'n Liefdes Kode oor 1 Kor 13

## Aktiwiteit 1: Soek God se liefde:



**Aktiwiteit 2: Woorde van liefde**

